SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 3 OKTOBER 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid- Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

Dit is met leedwese dat ons die heengaan van Willie Moller, ZS6MOL, op 27 September, na 'n kort siekbed, moet aankondig. Die gedenkdiens is op Saterdag 2 Oktober in Bronkhorstspruit gehou.
Ons innige medelye aan sy familie en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

WÊRELD RUIMTEWEEK.

RADIOTEGNOLOGIE IN AKSIE EN INTEGNET

PRESIDENT SE NET VOLGENDE SONDAGAAND

RAE-DATUM AANGEKONDIG

Die nuus volg in besonderhede

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.
Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

WÊRELDRUIMTEWEEK.

Vanaf die Verenigde State tot Djibouti, vanaf Antartika tot Rusland word Wêreldruimteweek jaarliks in meer as 50 lande op al sewe kontinente gevier. Dit vier die bydraes van ruimtewetenskap en -tegnologie tot die verbetering van die menslike omstandighede.
Deur die Algemene Raad van die Verenigde Nasies in 1999 verklaar herdenk Wêreldruimteweek twee groot gebeurtenisse in menslike uitbreiding in die ruimte: 4 Oktober 1957: Datum van lansering van die eerste mens- gemaakte Aardsatelliet, Sputnik 1, en dus die weg baan vir ruimte- verkenning. 10 Oktober 1967: Datum van inwerktreding van die Verdrag oor Beginsels

Bepalende die Aktiwiteite van State in die Verkenning en Vreedsame Gebruik van die Buiteruim, insluitend die Maan en ander Hemelligame.

In Suid-Afrika word Wêreldruimteweek deur Amateurradiogeleenthede gevier. Vier Wêreldruimteweek saam met SA AMSAT deur deelname aan 'n kompetisie vir die maksimum aantal kontakte dmv. OSKAR 51 gedurende die week van 4 tot 10 Oktober te maak. Die kompetisie het drie kategorieë: A.1 Vaste satellietstasie met satellietantennas met hoogte- en rigtingbeheer; A.2 Vaste satellietstasie met eenvoudige BHF-antennas. B Draagbaar.

Stuur logstate aan SA AMSAT Posbus 90438, Garsfontein 0042 voor 20 Oktober of per e-pos aan saamsat@intekom.co.za. Logstate moet die volgende insluit: datum, tyd van kontak, roepseine, naam en QTH van stasie gewerk asook 'n beskrywing van jou stasie. Indien jy verkies kan 'n foto van jouself, indien beskikbaar, ook saamgestuur word. Volledige inligting asook inligting oor AO51 se verbyvlugte kan verkry word vanaf www.amsatsa.org.za.

RADIOTEGNOLOGIE IN AKSIE EN INTEGNET

Die SARL bied hierdie week twee aktiwiteite vir deelname aan. Die eerste is RadioTegnologie-in-Aksie en die tweede is INTEGNET.

Die RTA-lesing sal op Saterdag 10 Oktober by die SARL Nasionale Amareur-Radiosentrum in Roodepoort plaasvind. Hal Lund, ZS6WB, en Pine Pienaar sal oor verskeie nuwe sagteware gedrewe tegnieke vir BHF- en UHF-swakseinkommunikasie, soos meteoorverspreiding en AMA praat en demonstrasies lewer. Die byeenkoms begin om 09:30 met registrasie en verversings en sal om 12:00 afsluit, met ligte eetgoed en informele bespreking. Die registrasiegeld van R20,00 is betaalbaar by die deur en sluit deelname in aan drie trekkings vir bywoningspryse waarvan een 'n ARRL Antennahandboek is. Om te help met die spyseniering word gevra dat u 'n e-pos ter bevestiging aan rta@sarl.org.za stuur. Volledige besonderhede is ook beskikbaar vanaf www.sarl.org.za.

PRESIDENT SE NET SLUIT RUIMTEWEEK AF

Wêreldruimteweek sal afgesluit word met die President se net op Sondag 10 Oktober om 19:15 en Integnet om 20:00 waartydens 'n bespreking oor APRS met Bob Bruninga, WB4APR, die vader van APRS, gehou sal word. Vanaf die begin van pakketradio in die laat sewentigerjare het Bob sagteware geskryf wat die buigbaarheid van pakketradio met die dinamika van intydse gebeurtenisse verbind het. Bob se jare van werk met 'n verskeidenheid van rekenaarborde het 'n hoogtepunt bereik toe hy die eerste weergawe van APRS Dos in 1992 voltooi het.

Sluit volgende Sondag by Bob aan vir 'n in-diepte bespreking oor APRS se beginstadia, die bedryf en die toepassing op satellietwerking. Klubs het nog tot 7 Oktober om hul deelname te bevestig deur besonderhede van die telefoonnommer wat gebruik gaan word en dekkingsinligting van die herhaler wat gebruik gaan word te stuur aan armi@sarl.org.za.

WENNER IN MEI SE RAE AANGEKONDIG

Die Raad van die SARL kondig graag naam van die toppresteerder in die Mei RAE aan. Die ontvanger van die Kenwood TH-F7 dubbelband handradio, geborg deur Global Communications, die Kenwood verspreiders, is R T Gouws, lid van die Wynland Amateurradioklub. Welgedaan RT!

OPDATERING VAN SARL- EN OKOSA-DATABASISSE

Soos voorheen in bulletins vermeld; die SARL het 'n kopie van die amateur-databasis van OKOSA verkry en daar is heelwat foutiewe inligting, sowel as 'n gebrek aan inligting. Die Raad versoek klubvoorsitters en/of verantwoordelike persone om so spoedig moontlik, (voor 31 Oktober 2004) die nodige aansoek/opdateringsvorm op die SARL se webwerf in te vul en te e- pos, of alternatiewelik, uit te druk en te pos na die SARL se kantoor. Alle herhalers, digiherhalers, koppelherhalers ('links'), BBS'e, APRS digi-herhalers en ander onbemande stasies moet gelisensieërd wees. Die inligting oor elke stasie sal met die van die databasis vergelyk word, dus is dit belangrik om die vorm volledig in te vul. Die vorm sal ook op pakket versprei word. U samewerking in hierdie verband sal waardeer word.
Verdere inligting is verkrygbaar by Kobus Conradie, ZR6D, Tel. 082-88-11164, of e-pos, kobus@letsplayradio.co.za.

SLUITINGSDATUM VIR RAE-INSKRYWINGS

Die volgende RAE vind op Donderdag 18 November 2004 plaas.
Inskrywings vir hierdie eksamen sluit op 14 Oktober 2004. Geen laat inskrywings word aanvaar nie. Inskrywings wat na hierdie datum ontvang word sal outomaties oorstaan tot die volgende RAE in 2005.

Inskrywings kan aanlyn gedoen word by www.sarl.org.za.

'n Inskrywingsvorm kan ook van die SARL se webwerf afgelaai word en na voltooiing teruggefaks word na die SARL by 011 675 2793.

U kan ook die SARL-kantoor skakel by 011-675 2393 en vra dat 'n inskrywingsvorm aan u gefaks of gepos word.

WEGLATING VAN AMATEURTOEDELING

Die SARL se president, Graham Hartlett, ZS6GJH, het 'n boodskap van OKOSA ontvang dat die 2,4 en 5,6 GHz-bande vir amateurs, per abuis uitgelaat is toe die bandplan in die Staatskoerant gepubliseer is. Dit sal in die volgende publikasie van die bandplan in die Staatskoerant reggestel word.

SLUITINGSDATUM VIR RADIOAMATEUR-VAN-DIE-JAAR-NOMINASIES UITGESTEL

Die sluitingsdatum vir nominasies vir Radioamateur-van-die-Jaar is uitgestel tot Maandag 11 Oktober 2004.

Tans is 'n paar nominasies vir Radio-Amateur-van-die-Jaar- Toekenning ontvang, maar slegs een vir die junior kategorie. Is daar 'n jong persoon in jou klub wat bemoeid is met die bevordering van Amateurradio of wat ontwikkelingswerk doen? Hier is 'n gulde geleentheid om vir hom of haar met die Siemens se toekenning vir Radioamateur-van-die-Jaar te vereer. Die toekenning vir die Jong Radioamateur-van-die-Jaar is vir die afgelope twee jaar nie gedoen nie as gevolg van nominasies wat nie gekwalifiseer het nie. Die genomineerde moet jonger as 25 jaar oud wees en bygedra het tot die ontwikkeling van Amateurradio, hetsy tegnies of organisatories. Volledige besonderhede, insluitend 'n nominasievorm, verskyn op die SA Amateur Radioontwikkelingswebblad by www.amateurradio.org.za.

Nominasies vir beide toekennings sluit nou op Maandag 11 Oktober.
Hier is jou laaste kans om iemand te beloon vir sy of haar bydrae tot Amareurradio.

SARL 80 M QSO-GESELLIGHEID

Die tweede been van die SARL se 80 meter QSO-geselligheid vind op Donderdagaand 07 Oktober plaas. Die geselligheid begin om 19:00 SAT en eindig 3 ure later met foonaktiwieteit op die bandgedeelte 3,600 tot 3,650 MHz.

Die roepsein, RS-seinrapport, 'n reeksnommer beginnende by 001 en jou ruitverwysing of QTH word uitgeruil. Elke kontak met 'n Suid- Afrikaanse stasie tel tien punte, terwyl elke kontak met 'n stasie buite Suid-Afrika vyftien punte tel.

Die adres vir logstate is Die Kompetisiekomitee, Brownleeplek 17, Bluff, 4052 of per e-pos na zs5lp@sharksden.co.za.

CQ HOUKOERS

Die jaarlikse CQ Houkoers word op Saterdag 16 Oktober gehou.
Amateurs wat belangstel om 'n kommando te help en nog nie 'n lisensie vir 'n opvoedkundige stasie verkry het nie kan vir Louis, ZR6ABC, met e-pos na llk@mweb.co.za of na-ure telefoon 012 345 3275 kontak om die nodige roepsein ens. te verkry.

STOKPERDJIESKOU BY QUEENSWOOD LAERSKOOL

Magalies Radioamateurklub sal op 8 Oktober by die Queenswood Laerskool in Pretoria 'n opvoedkundige amateurstasie oprig en bedryf terwyl die stokperdjieskou gehou word. Die volgende bande sal gebruik word: 2 meter spraak , 2 meter weerprente en 40 meter HF spraak. Die stasie sal van 14:00 tot 21:00 op die lug wees.
LV's van amateurs sal ook hulle stokperdjies byv. kunsnaaldwerk, breiwerk en kerse uitstal. Luister uit vir ZS6MRK en gesels met ons sodat die leerlinge ook 'n geleentheid het om oor amateurradio te kan praat.

VOORTPLANTINGSVERSLAG

Kobus, ZS6KOB Sê soos die vorige week, was die afgelope week weereens gekenmerk deur onvoorspelbare goeie en swak toestande.
Dit is maar net weereens'n bewys dat die sonvlekgetal nie die alfa en die omega van voortplantingstoestande is nie. Daar was by tye werklik baie goeie geleenthede om DX te werk. Laatmiddag bly toestande na die Ooste bykans konstant goed. Toestande binnelands tussen suid en noord was ook by tye baie goed. 'n Interessante tendens blyk te wees dat die laer frekwensies van die 20 m band meer gebruik word - di. onder 14,200. Die sonvlekgetal het toe wel gestabiliseer soos voorspel, maar nog nie begin styg nie- moontlik wel oor die naweek. Die sonvlekgetal was Donderdag 34,9 teenoor verlede week se 35,3. Die week was ook gekenmek met meer sonaktiewe areas as verlede week. Daar was geen aardgerigte korona-openinge op die son nie. Stil toestande word tot 2 Oktober verwag. In die VSA het die beste toestande tydens sonsopkoms en na sonsondergang voorgekom. Studies bevestig dat die sogenaamde 27 dae siklus van hoogtepunte(en laagtepunte) wel baie betroubaar is.

DAGBOEK VAN GEBEURE

7 Oktober Tweede been van die SARL 80-meter QSO-geselligheid tussen 19:00 en 22:00 en op 3600 tot 3650kHz. 9 Oktober RTA-lesing oor nuwe BHF-modusse by NARS. 10 Oktober President se net en Integnet om 19:15 en 20:00 11 Oktober Nominasies vir Radioamateur-van-die-Jaar sluit. 16 Oktober CQ-Houkoers. 16-17 Oktober : 47ste Jamboree on the Air, Jota en Joti.
Deelnemende stasies moet by die SARL kantoor as opvoedkundige stasie registreer en kontak maak met Dave Gemmell, ZS6AAW, Posbus 77, Irene, 0062 of telefoon 012 667-2135 of per e-pos by davegemmell@bmknet.co.za vir deelnemerskaarte. Raadpleeg www.scout.org/jota of www.scout.org/joti vir die jongste Jota en Joti inligting. 18 November Volgende RA-eksamen. Sluitingsdatum vir inskrywings 14 Oktober. Bydraes tot die fonds van die Suid-Afrikaanse Amateur Ontwikkelingstrust vir die SARL se IARU-lidmaatskap is steeds welkom; Stuur artikels vir Radio ZS aan radiozs@sarl.org.za. Stuur asb. A5-grootte self-geadresseerde koeverte met posseëls genoeg vir 200 g (R4,35) aan die NARS ten einde aflewering van u QSL-kaarte moontlik te maak.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename

week toe.

Totsiens almal.

/EX